

MAIN
***Multilingual Assessment Instrument
for Narratives***

N. Gagarina, D. Klop, S. Kunnari,
K. Tantele, T. Välimaa,
U. Bohnacker & J. Walters

Afrikaans

Translated and adapted by
Daleen Klop & Monique Visser
(based on the revised version in English)

© ZAS Papers in Linguistics 64 (2020)

How to cite this version:

Klop, D. & Visser, M. (2020). Using MAIN in South Africa. *ZAS Papers in Linguistics*, 64, 207–210.

Gagarina, N., Klop, D., Kunnari, S., Tantele, K., Välimaa, T., Bohnacker, U. & Walters, J. (2019). MAIN: Multilingual Assessment Instrument for Narratives – Revised. Materials for use. *ZAS Papers in Linguistics*, 63. Afrikaans version. Translated and adapted by Klop, D. & Visser, M.

MAIN: Afrikaans

Die Afrikaanse weergawe van MAIN

Daleen Klop & Monique Visser

Die Multilingual Assessment Instrument for Narratives (MAIN) is in 2012 ontwerp vir die assessering van narratiefvaardighede van kinders wat een of meer tale vanaf geboorte of op 'n vroeë ouderdom aangeleer het. MAIN is hoofsaaklik ontwikkel vir kinders van ongeveer 3 tot 10 jaar; onlangse werk het bevind dat dit ook vir ouer kinders, adolessente en volwassenes gebruik kan word. Dit is sodanig ontwerp dat begrip asook produksie van narratiewe in verskeie tale in dieselfde kind ge-evalueer kan word deur middel van verskillende ontlokkingsmetodes, naamlik Modelstorie, Hervertel, en Vertel. Die 2012 weergawe is ontwikkel aan die hand van uitgebreide loodsstudies wat uitgevoer is op meer as 500 monolinguale en tweetalige 3- tot 10-jarige kinders in 15 verskillende tale en taalkombinasies.

In 2019 is die Engelse weergawe hersien aan die hand van meer as 2,500 getranskribeerde MAIN narratiewe asook 24,000 response op die MAIN begripsvrae wat ingesamel is vanaf ongeveer 700 monolinguale en tweetalige kinders in Duitsland, Rusland en Swede tussen 2013 en 2019. Hierdie huidige Afrikaanse weergawe is gebaseer op die mees onlangse Engelse weergawe.

MAIN bestaan uit vier parallelle stories, elkeen met 'n reeks van ses prente wat spesifiek daarvoor ontwerp is, gebaseer op 'n multidimensionele model van storie-organisasie. Die stories is gekontroleer vir kognitiewe en linguistiese kompleksiteit, vergelykbaarheid van makrostruktuur en mikrostruktuur, asook kulturele toepaslikheid.

Alhoewel MAIN nog nie genormeer is nie, kan die gestandaardiseerde prosedures vir evaluasie, intervensie en navorsingsdoeleindes gebruik word. Vir meer besonderhede oor hoe om die MAIN te gebruik, sien asseblief die hoofstuk "*Background on MAIN – Revised, how to use it and adapt it to other languages*" (in Engels geskryf) in *ZAS Papers in Linguistics* 63 (2019, pp. iv-xii) wat beskikbaar is via <https://zaspil.leibniz-zas.de/issue/view/53>.

Hierdie dokument bestaan uit:

- Riglyne vir assessering
- Protokolle en Merkblaaie vir *Kat, Hond, Babavoëltjies, Bababokkies*
- Agtergrondvraelys
- Storietekste

Riglyne vir Assessering

MAIN is gemik op kinders wat ongeveer 3 tot 10 jaar oud is, maar kan ook vir ouer kinders, adolessente en volwassenes gebruik word. MAIN evalueer beide begrip en produksie van narratiewe. Dit is sodanig ontwerp dat narratiewe ontlok kan word deur verskillende ontlokkingsmetodes, naamlik Modelstorie, Hervertel, en Vertel. Die keuse van metode vir ontlokking (bv. modelstorie/hervertel gevolg deur vertel, of net vertel) word bepaal deur die doelwitte en behoeftes van die assessering (eksamineerders kan hul eie diskresie gebruik.) Die ontwerp van MAIN is sodanig dat verskeie tale in dieselfde kind ge-evalueer kan word. Enige een van die kind se tale kan eerste ge-evalueer word. Vir tweetalige kinders moet die toetsinterval tussen die twee tale ideaalgesproke 4 tot 7 dae beloop, ten einde inmenging van die tale met mekaar en leer- en oordrageffekte te beperk. Die kind moet verkieslik nie deur dieselfde persoon in albei tale ge-evalueer word nie, ten einde 'n monolinguale konteks te bevorder en kodewisseling te ontmoedig.


Materiaal

- 4 prentreekse: *Babavoëltjies*, *Bababokkies*, *Kat en Hond* (drie kopieë van elke storie (kleurafdrukke), elke kopie in 'n aparte koevert: 12 aparte koeverte in totaal)
- 4 storietekste/stimulustekste: *Babavoëltjies*, *Bababokkies*, *Kat en Hond*
- Opnametoerusting (oudio of video)
- Merkprotokolle vir makrostruktuur-analises, interne toestandsterme en begripsvrae
- WG2 agtergrondvraelys (ouervraelys)

Instruksies

Hoe om die materiaal voor te berei

1. Laai die prente af vanaf: www.leibniz-zas.de/en/service-transfer/main
2. Maak drie kleurafdrukke van elke PDF lêer (d.w.s. elke prentreeks/storie), met 'n goeie kwaliteit drukker op A4-grootte papier, elke prent in die grootte 9 x 9 cm.
3. Nommer die prente (1-6) op die agterkante.
4. Knip die twee rye prente uit.
5. Heg die prente aanmekaar om 'n 6-prent strook, soos onder geïllustreer, te vorm en vou dit twee keer (prent 1, prent 2, vou, prent 3, prent 4, vou, prent 5, prent 6).
L.W.: Moenie die klein prentjies van die instruksies vir uitvou gebruik nie.



6. Plaas elke prentreeks (6 prente) in 'n aparte koevert en merk met kleur of sodanig om dit te kan onderskei (bv. met kolletjies) om die storie te identifiseer.

Hoe om die assessering uit te voer

- Maak seker dat u deeglik bekend is met die storieprotokolle en die instruksies.
- Berei die oudio/video voor vir opname van die sessie. Begin die opname vóór die opwarmingsfase. Maak seker dat die hele sessie opgeneem word, ook die kind se antwoorde op die begripsvrae.
- Die opwarmingsfase word bepaal deur u vorige ondervinding met betrekking tot kulturele toepaslikheid in die betrokke toetsituasie. Vestig rapport terwyl u met die kind gesels en vra 'n paar vrae om te bepaal of die kind eenvoudige w-vrae verstaan. Vra byvoorbeeld: *Wie is jou beste maatjie? Waarvan hou jy om op die TV te kyk? Hou jy daarvan om stories te vertel? Hou jy daarvan om na stories te luister?*
- Maak seker dat die drie koeverte met dieselfde prentreeks op die tafel is voordat die assessering begin. (Die doel van hierdie aanbiedingsformaat is om die indruk te skep dat die toetsafnemer nie weet watter storie in die koevert is wat die kind gekies het nie om sodoende te kontroleer vir die effek van gedeelde aandag tydens die aanbieding van die prentreeks.)
- Pas die assessering toe volgens die instruksies in die storieprotokol(le). Hou asseblief streng by die aanbevelings vir toelaatbare aansporings (sien ook aansporings hieronder).
- Bykomende inligting oor die aanbieding van die prente: Sit tydens die assessering oorkant die kind. Die kind moet die prente vashou sodat slegs hy/sy die voorkant kan sien, en nie die toetsafnemer nie. As die kind die prente uit die koevert haal, verduidelik dat hy/sy die prente moet uitvou en eers na die hele storie van die begin af moet kyk. Sê: *“Kyk na die prentjies, maar moenie vir my wys nie. Net JY moet die storie kan sien.”* (As die kind sukkel om self die prente vas te hou of uit te vou kan die toetsafnemer die prente vashou, maar met die voorkant na die kind en weg van die toetsafnemer gedraai.)
- Wanneer die kind gereed is om die storie te vertel, help hom/haar om die prente weer in 3 dele te vou. Die toetsafnemer kan die vouproses van die prente beheer terwyl die kind dit self vashou. Vra die kind om die storie te begin vertel terwyl hy/sy na die eerste twee prente kyk. Sodra die kind klaar oor prente 1 en 2 vertel het, help hom/haar om die volgende twee prente uit te vou (prente 1– 4 is nou uitgevou). Sodra hy/sy klaar vertel het, help om die volgende twee prente uit te vou sodat die hele storie nou uitgevou is.
- Sodra die kind die storie klaar vertel/hervertel het, begin met die begripsvrae deur te sê: *“Nou gaan ek vir jou 'n paar vrae oor die storie vra”*. Hou die prente oopgevou en ten volle sigbaar vir beide die kind en die toetsafnemer terwyl die begripsvrae gevra word.
- Na afloop van die sessie, transkribeer die narratief(we) en voltooi die merkblaaie vir die afdelings vir produksie en begrip.
- **Let wel:** Die lys van opsies wat verskaf word in die merkblaaie is nie die enigste korrekte opsies nie. Krediet word gegee as 'n makrostruktuur komponent (Doel, Posing, Uitkomst, Interne Toestandsterm) verwoord word in enige toepaslike bewoording. Raadpleeg die handleiding vir verdere inligting.

Aansporings

1. Moenie die storie namens die kind begin nie, maar moedig hom/haar aan om self die storie te vertel deur te sê: *“Vertel vir my die storie”* (wys na die prente).
2. Wag eers ten minste 10 sekondes voordat 'n aansporing verskaf word en eers as dit duidelik is dat die kind niks gaan sê nie, deur te sê: *“Goed...”, “Wel...”, “Jou beurt...”*. Wees asb. BAIE versigtig met die aansporings om verskille tussen navorsers en navorservooroordele te vermy. Wag nog ten minste 10 sekondes; as die kind steeds niks sê nie, moedig hom/haar aan deur te sê: *“Vertel vir my wat gebeur”*. As die kind in die middel van die storie ophou vertel, moedig hom/haar aan om voort te gaan en meer te vertel: *“Nog iets?”, “Hou aan”, “Vertel meer”, “Kom ons hoor wat gebeur nog in die storie”*.

3. Dit maak nie saak hoe die kind na die karakters in die storie verwys nie; moet hom/haar nie korrigeer nie. Indien die kind nie die woord vir 'n aksie, karakter, ens. ken nie en vashaak of om hulp vra, moedig hom/haar aan deur te sê “*Jy kan dit noem net wat jy wil*”, “*Wat sou jy dit noem?*”.
4. Moenie vrae vra soos:
 - a) “*Wat doen hy hier?*”, “*Wie hardloop hier?*”
 - b) “*Wat is dit?*”, “*Wat/wie sien jy op die prentjie?*”
 (sodat die kind se narratief nie onderbreek of beïnvloed word nie, onvolledige sinne ontmoedig word en deiktiese verwysings voorkom word).
5. Indien die kind 'n storie begin vertel uit sy/haar eie ondervinding, bv. “*Ek het vanoggend so 'n voël gesien*” of “*Ek gaan saam met my ma winkel toe na skool...*”, laat hom/haar toe om 'n rukkie te vertel en stuur die gesprek dan op 'n vriendelike wyse terug na die storie in die prente. (Moenie hierdie ontoepaslike deel van die narratief insluit in die analise nie).
6. Toepaslike aansporings na gelang van die toetsituasie soos “*Goed*”, “*Ja*”, kan na elke stel prente gegee word (en voor die volgende stel uitgevou word). (Dit sal ook die nasiener/kodeerder help om die uitinge te koppel aan spesifieke prente). Laat hierdie aansporings uit as u voel dat dit die kind se narratief en gedagtegang onderbreek.

Hoe om (nie) resultate tussen stories te vergelyk (nie)

- Vermy die gebruik van die Kat- en/of Hond-storie vir een taal en die Babavoëltjies-en/of Bababokkies-storie vir die ander taal wanneer 'n tweetalige kind in twee tale getoets word.
- Vermy dit ook om die Kat- en/of Hond-storie tydens een toetspunt te gebruik en dit met die Babavoëltjies- en/of Bababokkies-storie tydens 'n ander toetspunt te vergelyk.
- Waarom? Die MAIN stories kan nie eenvoudig in elke opsig vergelyk word nie. Onlangse resultate het gedui op sommige nuanses waar die vier stories verskil, spesifiek ten opsigte van die begripsvrae. Babavoëltjies en Bababokkies is rofweg parallel; Kat en Hond is ook parallel, maar verskil van Babavoëltjies en Bababokkies in sommige opsigte, bv. die storielyn, aantal karakters en sommige van die begripsvrae. Maak daarom seker dat appels nie met pere vergelyk word nie.
- Wanneer groepe kinders met die MAIN getoets word, moet seker gemaak word dat gepaste afwisseling van prosedures toegepas word om die effek van die storie en/of effekte van die ontlokkingsmetodes (hervertel, model storie, vertel) tot die minimum beperk word.

Afwisseling van prosedures vir navorsingsdoeleindes

Die volgorde van aanbieding moet afgewissel word ten opsigte van taal en storie. (Gebruik Kat/Hond hoofsaaklik tydens die hervertel/model storie-ontlokkingsmetodes en Babavoëltjies/Bababokkies hoofsaaklik wanneer vertelling as ontlokkingsmetode gebruik word). Gebruik die volgende afwisseling van prosedures (as slegs een taal getoets word, gebruik die ewekansige toewysingsprosedure vir kinders nr. 1, 2, 5 en 6 of nr. 3, 4, 7 en 8):

Kind nr.	Taal	Model Storie/ Hervertel	Vertel	Taal	Model Storie/ Hervertel	Vertel
1	T1	Kat	Babavoëltjies	T2	Hond	Bababokkies
2	T1	Kat	Bababokkies	T2	Hond	Babavoëltjies
3	T2	Kat	Bababokkies	T1	Hond	Babavoëltjies
4	T2	Kat	Babavoëltjies	T1	Hond	Bababokkies
5	T1	Hond	Babavoëltjies	T2	Kat	Bababokkies
6	T1	Hond	Bababokkies	T2	Kat	Babavoëltjies
7	T2	Hond	Bababokkies	T1	Kat	Babavoëltjies
8	T2	Hond	Babavoëltjies	T1	Kat	Bababokkies

Neem kennis dat die resultate van die verskillende stories en ontlokkingsmetodes nie bloot met mekaar vergelyk kan word nie (sien bo).

Protokol vir Kat

Vertel / Hervertel / Modelstorie

Naam van kind: _____
Geboortedatum: _____
Toetsdatum: _____
Oud. tydens toets (mnde): _____
Geslag: _____
Naam van toetsafnemer: _____
Blootstelling aan L2 (mnde): _____
Aanvangsdatum in Gr R: _____
Naam van skool: _____

Maak seker dat al die koeverte op die tafel geplaas is voordat toetsing begin. Kry die bandopnemer gereed om die sessie op te neem. Begin die opname voordat die opwarming gedoen word.

Opwarming

Vra byvoorbeeld: Wie is jou beste maatjie? Wat is jou gunsteling program op televisie? Hou jy daarvan om stories te vertel? Hou jy daarvan om na stories te luister?

Instruksies

Instruksies vir Vertel

Sit oorkant die kind. Sê aan die kind: *Kyk, hier is 3 koeverte. In elke koevert is daar 'n ander storie. Kies een en dan kan jy vir my die storie vertel.* Vou die prente oop sodat die hele prentreeks slegs vir die kind sigbaar is. *Kyk eers na die hele storie. Is jy gereed?*

Vou die eerste twee prente oop. Sê aan die kind: *Nou wil ek hê dat jy die storie vertel. Kyk na die prente en vertel vir my die beste storie wat jy kan.* Toelaatbare aansporing indien die kind traag is om te begin: *“Vertel vir my die storie”* (wys na prent). Wanneer die kind klaar oor die eerste 2 prente vertel het, vou die volgende 2 oop (sodat prente 1 – 4 sigbaar is). Herhaal die proses totdat die einde van die storie bereik word. Toelaatbare aansporings indien die kind in die middel van die storie stil raak: *“Nog iets?”*, *“Gaan aan”*, *“Vertel vir my meer”*, *“Kom ons kyk wat is nog in die storie”*. Indien die kind ophou praat sonder om aan te dui dat hy/sy klaar is, vra: *“Sê vir my wanneer jy klaar is”*.

Prys die kind wanneer hy klaar is en vra dan die begripsvrae.

Instruksies vir Hervertel

Sit oorkant die kind. Sê aan die kind: *Kyk, hier is 3 koeverte. In elke koevert is daar 'n ander storie. Kies een en dan sal ek vir jou die storie vertel.* Vou die prente oop sodat die hele prentreeks slegs vir die kind sigbaar is. *Kyk eers na die hele storie. Is jy gereed? Ek gaan vir jou die storie vertel en dan kan jy dit weer vir my vertel.*

Vou prente 1 en 2 oop. *Die storie begin hier:* (wys na prent 1). *Eendag was daar 'n spelerige kat wat 'n geel skoenlapper op 'n bos sien sit het. Hy het vorentoe gespring*

want hy wou dit vang. Intussen het 'n vrolike seuntjie teruggekom van visvang af met 'n emmer en 'n bal in sy hande. Hy het gekyk na die kat wat die skoelapper jaag.

Vou prente 3 en 4 oop (prente 1-4 is nou sigbaar). Die skoelapper het vinnig weggevlieg en die kat het in die bos geval. Hy het homself seergemaak en was baie kwaad. Die seuntjie was so verbaas dat hy die bal laat val het. Toe hy sien hoe sy bal in die water inrol het hy geskree: "Ag nee, daar gaan my bal!" Hy was hartseer en wou sy bal terug. Intussen het die kat die seuntjie se emmer gesien en gedink: "Ek wil 'n vis gryp".

Vou prente 5 en 6 oop (al die prente is nou sigbaar). Terselfdertyd het die seuntjie begin om sy bal uit die water te haal met sy visstok. Hy het nie gesien dat die kat 'n vis gegryp het nie. Op die ou einde was die kat baie bly om so 'n heerlike vis te eet en die seuntjie was bly om sy bal terug te hê.

En dit is die einde van die storie.

Vou die prente oop sodat slegs die eerste 2 prente vir die kind sigbaar is. Sê aan die kind: *Nou wil ek hê dat jy die storie vertel. Kyk na die prente en vertel vir my die beste storie wat jy kan.* Toelaatbare aansporing indien die kind traag is om te begin: "Vertel vir my 'n storie oor hierdie prent" (wys na prent). Wanneer die kind klaar oor die eerste 2 prente vertel het, vou die volgende 2 oop (sodat prente 1 – 4 sigbaar is). Herhaal die proses totdat die einde van die storie bereik word. Toelaatbare aansporings indien die kind in die middel van die storie stil raak: "Nog iets?", "Gaan aan", "Vertel vir my meer", "Kom ons kyk wat is nog in die storie". Indien die kind ophou praat sonder om aan te dui dat hy/sy klaar is, vra: "Sê vir my wanneer jy klaar is".

Prys die kind wanneer hy klaar is en vra dan die begripsvrae.

Modelstorie Instruksies

Sit oorkant die kind. Sê aan die kind: *Kyk, hier is 3 koeverte. In elke koevert is daar 'n ander storie. Kies een en dan kan jy vir my die storie vertel.* Vou die prente oop sodat die hele prentreeks slegs vir die kind sigbaar is. *Kyk eers na die hele storie en dan sal ek vir jou 'n paar vrae vra.*

Vou prente 1 en 2 oop. *Die storie begin hier:* (wys na prent 1). *Eendag was daar 'n spelerige kat wat 'n geel skoelapper op 'n bos sien sit het. Hy het vorentoe gespring want hy wou dit vang. Intussen het 'n vrolike seuntjie teruggekom van visvang af met 'n emmer en 'n bal in sy hande. Hy het gekyk na die kat wat die skoelapper jaag.*

Vou prente 3 en 4 oop (prente 1-4 is nou sigbaar). *Die skoelapper het vinnig weggevlieg en die kat het in die bos geval. Hy het homself seergemaak en was baie kwaad. Die seuntjie was so verbaas dat hy die bal laat val het. Toe hy sien hoe sy bal in die water inrol het hy geskree: "Ag nee, daar gaan my bal!" Hy was hartseer en wou sy bal terug. Intussen het die kat die seuntjie se emmer gesien en gedink: "Ek wil 'n vis gryp".*

Vou prente 5 en 6 oop (al die prente is nou sigbaar). *Terselfdertyd het die seuntjie begin om sy bal uit die water te haal met sy visstok. Hy het nie gesien dat die kat 'n vis gegryp het nie. Op die ou einde was die kat baie bly om so 'n heerlike vis te eet en die seuntjie was bly om sy bal terug te hê.*

En dit is die einde van die storie.

Vra die begripsvrae nadat jy die storievertelling afgesluit het met: *En dit is die einde van die storie.*

Rekordvorm vir Kat

Afdeling I: Produksie

A. Storiestructuur; B. Strukturele kompleksiteit; C. Interne toestandsterme (ITT)

A. Storiestructuur

		Vbe. van korrekte response ¹	Telling
A1.	Agtergrondstelling	Tyd en/of plek verwysing, bv. eendag/lank gelede... in 'n veld/by 'n dam/rivier/die water/die oewer/die weiveld	0 1 2²
<i>Episode 1: Kat (Episode karakters: kat en skoelapper)</i>			
A2.	ITT as inisiërende gebeurtenis	Kat was spelerig/ was nuuskierig/ Kat het 'n skoelapper gesien	0 1
A3.	Doel	Kat wou die skoelapper vang/kry/jaag/met die skoelapper speel (om) te + WERKWOORD (vang, kry, speel)	0 1
A4.	Poging	Kat het op-/vorentoe gespring Kat het gejaag/begin om te jaag Kat het probeer om te + WERWOORD (vang, kry, gryp, vat)	0 1
A5.	Uitkoms	Kat het in die bos geval/het nie die skoelapper gekry nie/kat was nie vinnig genoeg nie Skoelapper het ontsnap/weggevlieg/was te vinnig	0 1
A6.	ITT as reaksie	Kat was teleurgestel/kwaad/het seergekry Skoelapper was gelukkig/bly	0 1
<i>Episode 2: Seuntjie (Episode karakter: seuntjie)</i>			
A7.	ITT as inisiërende gebeurtenis	Seuntjie was hartseer/ongelukkig/bekommerd oor sy bal/ Seuntjie sien sy bal in die water	0 1
A8.	Doel	Seuntjie besluit om/wou sy bal uithaal/terugkry (om) te + WERKWOORD (kry)	0 1
A9.	Poging	Seuntjie het die bal uitgetrek/tek die bal uit/probeer die bal uittrek uit die water	0 1
A10.	Uitkoms	Seuntjie het sy bal weer/terug Die bal is gered	0 1
<i>Episode 3: Kat (Episode karakter: kat)</i>			
A11.	ITT as reaksie	Seuntjie was bly/gelukkig/tevrede/verlig (om sy bal terug te hê/te kon kry)	0 1
A12.	ITT as inisiërende gebeurtenis	Kat was honger/nuuskierig/lus vir vis Kat het die vis gesien	0 1
A13.	Doel	Kat wou vis gehad het/het besluit om die vis te eet/gryp/steel (om) te + WERKWOORD (eet, kry)	0 1

¹ As twyfel bestaan, of die kind se response nie op die rekordvorm voorkom nie, raadpleeg die handleiding.

² Geen punte vir verkeerde of geen response, 1 punt vir een korrekte respons, 2 punte vir verwysing na beide tyd en plek.

A14.	Poging	Kat gryp/vat/steel/trek die vis (uit die emmer)/het gestrek na die vis Kat het die vis gegryp/gevat/gesteel/getrek Kat het probeer om te + WERKWOORD (kry, vat)	0	1
A15.	Uitkoms	Kat het die vis gehad/gekry/geëet	0	1
A16.	ITT as reaksie	Kat was gelukkig/bly/tevrede/nie (meer) honger nie	0	1
A17.	Totale telling uit 17:			

B. Strukturele kompleksiteit

Aantal PU-reekse	Aantal enkel D (sonder P of U)	Aantal DP-/DU-reekse	Aantal DPU-reekse
B1.	B2.	B3.	B4.

C. Interne toestandsterme (ITT)

C1.	<p>Totale aantal ITT in tekens. ITT sluit in:</p> <p>Perseptuele toestandsterme bv. <i>sien, hoor, voel, ruik</i>;</p> <p>Fisiologiese toestandsterme bv. <i>dors, honger, moeg, seer</i>;</p> <p>Bewustheidsterme bv. <i>lewendig, wakker, aan die slaap</i>;</p> <p>Emosiet Terme bv. <i>hartseer, gelukkig, bly, kwaad, bekommerd, teleurgesteld, bang, trots, dapper, (voel) veilig, tevrede, verras</i>;</p> <p>Mentale werkwoorde bv. <i>wil, dink, weet, vergeet, besluit, glo, wonder, het/maak 'n plan</i>; Linguistiese werkwoorde/werkwoorde van sê/vertel bv. <i>sê, roep, skreeu, waarsku, vra</i>.</p>
-----	--

Afdeling II: Begrip

		Vbe. van korrekte response	Vbe.van verkeerde response	Telling
0	Het jy van die storie gehou?	Vir opwarming, geen punttoekenning		
D1.	Hoekom spring die kat vorentoe? (wys na prente 1-2) (Episode 1: Doel)	Wil die skoelapper hê/kry/vang/jaag/wil met die skoelapper speel Wil die skoelapper hê (om) die skoelapper te + WERKWOORD (kry, vat)	Gaan weg/hardloop/wil spring Katte hardloop/spring altyd	0 1
D2.	Hoe voel die kat? (wys na prent 3) (ITT as reaksie)	Kwaad/teleurgesteld/seergemaak/in pyn/nie wel nie/nie gemaklik nie	Bly/gelukkig	0 1
D3.	<i>(vra D3 slegs indien die kind 'n korrekte respons verskaf sonder verduideliking/rasionaal in D2. Indien 'n korrekte verduideliking in D2 verskaf is, ken dan 'n punt toe vir D3 en beweeg aan na D4)</i> Hoekom dink jy voel die kat kwaad/teleurgesteld/seergemaak ens.? ³	Want hy kon nie die skoelapper vang nie/het in die bos geval/dis seer om in 'n doringbos te val Skoelapper ontsnap/kom weg	Ontoepaslike/irrelewante antwoord	0 1
D4.	Hoekom hou die seuntjie die visstok in die water (wys na prent 5) (Episode 2: Doel)	Wil sy bal (terug-) kry/vat Wil sy bal (terugkry) (om) sy bal uit/terug te + WERKWOORD (vat, kry)	Om in die water te speel	0 1
D5.	Hoe voel die seuntjie? (wys na prent 6) ITT as reaksie	Bly/gelukkig/tevrede/goed	Ongelukkig/ kwaad/hartseer	0 1
D6.	<i>(vra D6 slegs indien die kind 'n korrekte respons verskaf sonder verduideliking/rasionaal in D5. Indien 'n korrekte verduideliking in D5 verskaf is, ken dan 'n punt toe vir D6 en beweeg aan na D7)</i>	Want hy het sy bal/teruggekry Kon/was instaat om te + WERKWOORD (kry, vat)	Want hy glimlag/hylyk so/ander ontoepaslike antwoord	0 1

³ Gebruik dieselfde ITT wat die kind in respons D2 verskaf.

	Hoekom dink jy voel die seuntjie bly/goed/gelukkig/tevrede ens.? ⁴			
D7.	Hoekom gryp die kat die vis? (wys na prent 5) (Episode 3: Doel)	Besluit om/wou die visse eet/hê/steel/ Vat die kans as die seuntjie nie kyk nie Nie die skoenlapper gekry nie/kon nie die skoenlapper kry/vat nie Katte hou van vis (generiese betekenis) Vis is lekker	Wil met die visse speel	0 1
D8.	Verbeeld jou dat die seuntjie die kat sien. Hoe voel die seuntjie? (wys na prent 6) (ITT as reaksie)	Ongelukkig/kwaad/hartseer/sleg/teleurgesteld /nie goed nie	Bly/goed/gelukkig/tevrede	0 1
D9.	<i>(vra slegs D9 indien die kind 'n korrekte respons verskaf sonder verduideliking/ rasionaal in D8. Indien 'n korrekte verduideliking in D8 verskaf is, ken dan 'n punt toe vir D9 en beweeg aan na D10)</i> Hoekom dink jy voel die seuntjie ongelukkig/kwaad/teleurgesteld? ⁵	Want die kat eet die seuntjie se vis/het die vis gevat Seuntjie wou die vis (self) eet Dit was die seuntjie se vis	Visstok is op die grond of ander ontoepaslike antwoord	0 1
D10.	Dink jy die seuntjie sal maats wees met die kat? Hoekom dink jy so?	Nee – gee minstens een rede (die kat het sy visse geeët/gesteel) of ander toepaslike antwoord	Ja/ek weet nie/ander ontoepaslike antwoord	0 1
D11.	Totale telling uit 10:			

⁴ Gebruik dieselfde ITT wat die kind in respons D5 verskaf.

⁵ Gebruik dieselfde ITT wat die kind in respons D8 verskaf.

Protokol vir Hond

Vertel / Hervertel / Modelstorie

Naam van kind: _____
Geboortedatum: _____
Toetsdatum: _____
Oud. tydens toets (mnde): _____
Geslag: _____
Naam van toetsafnemer: _____
Blootstelling aan L2 (mnde): _____
Aanvangsdatum in Gr R: _____
Naam van skool: _____

Maak seker dat al die koeverte op die tafel geplaas is voordat toetsing begin. Kry die bandopnemer gereed om die sessie op te neem. Begin die opname voordat die opwarming gedoen word.

Opwarming

Vra byvoorbeeld: Wie is jou beste maatjie? Wat is jou gunsteling program op televisie? Hou jy daarvan om stories te vertel? Hou jy daarvan om na stories te luister?

Instruksies

Instruksies vir Vertel

Sit oorkant die kind. Sê aan die kind: *Kyk, hier is 3 koeverte. In elke koevert is daar 'n ander storie. Kies een en dan kan jy vir my die storie vertel. Vou die prente oop sodat die hele prentreeks slegs vir die kind sigbaar is. Kyk eers na die hele storie. Is jy gereed?*

Vou die eerste twee prente oop. Sê aan die kind: *Nou wil ek hê dat jy die storie vertel. Kyk na die prente en vertel vir my die beste storie wat jy kan. Toelaatbare aansporing indien die kind traag is om te begin: "Vertel vir my die storie" (wys na prent). Wanneer die kind klaar oor die eerste 2 prente vertel het, vou die volgende 2 oop (sodat prente 1 – 4 sigbaar is). Herhaal die proses totdat die einde van die storie bereik word.*

Toelaatbare aansporings indien die kind in die middel van die storie stil raak: *"Nog iets?", "Gaan aan", "Vertel vir my meer", "Kom ons kyk wat is nog in die storie".* Indien die kind ophou praat sonder om aan te dui dat hy/sy klaar is, vra: *"Sê vir my wanneer jy klaar is".*

Prys die kind wanneer hy klaar is en vra dan die begripsvrae.

Instruksies vir Hervertel

Sit oorkant die kind. Sê aan die kind: *Kyk, hier is 3 koeverte. In elke koevert is daar 'n ander storie. Kies een en dan sal ek vir jou die storie vertel. Vou die prente oop sodat die hele prentreeks slegs vir die kind sigbaar is. Kyk eers na die hele storie. Is jy gereed? Ek gaan vir jou die storie vertel en dan kan jy dit weer vir my vertel.*

Vou prent 1 en 2 oop. *Die storie begin hier: (wys na prent 1). Eendag was daar 'n spelerige hond wat 'n grysmuis naby 'n boom sien sit het. Hy het nader gespring want hy wou dit vang. Intussen het 'n vrolike seuntjie teruggekom van die winkels af met 'n sak en 'n ballon in sy hand. Hy het gekyk na die hond wat die muis jaag.*

Vou prent 3 en 4 oop (prente 1 - 4 is nou sigbaar). *Die muis het vinnig weggehardloop en die hond het sy kop teen die boom gestamp. Hy het homself seergemaak en was baie kwaad. Die seuntjie was so verbaas dat hy die ballon laat los het. Toe hy sien hoe sy ballon in die boom in vlieg het hy geroep: "Ag nee, daar gaan my ballon!" Hy was hartseer en wou sy ballon terughê. Intussen het die hond die seuntjie se sak gesien en gedink: "Ek wil 'n worsie gryp".*

Vou prent 5 en 6 oop (al die prente is nou sigbaar). *Terselfdertyd het die seuntjie begin om sy ballon uit die boom te trek. Hy het nie gesien dat die hond 'n worsie gegryp het nie. Op die ou einde einde was die hond bly om so 'n heerlike worsie te eet en die seuntjie was bly om sy ballon terug te hê.*

En dit is die einde van die storie.

Vou die prente oop sodat slegs die eerste 2 prente vir die kind sigbaar is. Sê aan die kind: *Nou wil ek hê dat jy die storie vertel. Kyk na die prente en vertel vir my die beste storie wat jy kan.* Toelaatbare aansporing indien die kind traag is om te begin: *"Vertel vir my 'n storie oor hierdie prent"* (wys na prent). Wanneer die kind klaar oor die eerste 2 prente vertel het, vou die volgende 2 oop (prente 1 - 4 is nou sigbaar). Herhaal die proses totdat die einde van die storie bereik word. Toelaatbare aansporings indien die kind in die middel van die storie stil raak: *"Nog iets?", "Gaan aan", "Vertel vir my meer", "Kom ons kyk wat is nog in die storie"*. Indien die kind ophou praat sonder om aan te dui dat hy/sy klaar is, vra,: *"Sê vir my wanneer jy klaar is"*. Prys die kind wanneer hy klaar is en vra dan die begripsvrae.

Modelstorie Instruksies

Sit oorkant die kind. Sê aan die kind: *Kyk, hier is 3 koeverte. In elke koevert is daar 'n ander storie. Kies een en dan kan jy vir my die storie vertel.* Vou die prente oop sodat die hele prentreeks slegs vir die kind sigbaar is. *Kyk eers na die hele storie en dan sal ek vir jou 'n paar vrae vra.*

Vou prente 1 en 2 oop. *Die storie begin hier: (wys na prent 1). Eendag was daar 'n spelerige hond wat 'n grysmuis naby 'n boom sien sit het. Hy het nader gespring want hy wou dit vang. Intussen het 'n vrolike seuntjie teruggekom van die winkels af met 'n sak en 'n ballon in sy hand. Hy het gekyk na die hond wat die muis jaag.*

Vou prente 3 en 4 oop (prente 1-4 is nou sigbaar). *Die muis het vinnig weggehardloop en die hond het sy kop teen die boom gestamp. Hy het homself seergemaak en was baie kwaad. Die seuntjie was so verbaas dat hy die ballon laat los het. Toe hy sien hoe sy ballon in die boom in vlieg het hy geroep: "Ag nee, daar gaan my ballon!" Hy was hartseer en wou sy ballon terughê. Intussen het die hond die seuntjie se sak gesien en gedink: "Ek wil 'n worsie gryp".*

Vou prente 5 en 6 oop (al die prente is nou sigbaar). *Terselfdertyd het die seuntjie begin om sy ballon uit die boom te trek. Hy het nie gesien dat die hond 'n worsie gegryp het nie. Op die ou einde einde was die hond bly om so 'n heerlike worsie te eet en die seuntjie was bly om sy ballon terug te hê.*

En dit is die einde van die storie.

Vra die begripsvrae nadat jy die storievertelling afgesluit het met: *En dit is die einde van die storie.*

Rekordvorm vir Hond

Afdeling I: Produksie

A. Storiestructuur; B. Strukturele kompleksiteit; C. Interne toestandsterme (ITT)

A. Storiestructuur

		Vbe. van korrekte response ⁶	Telling
A1.	Agtergrondstelling	Tyd en/of plek verwysing, bv. eendag/lank gelede... in 'n veld/in 'n park/in 'n weiveld/by 'n pad/by 'n boom/naby 'n boom	0 1 2 ⁷
<i>Episode 1: Hond (Episode karakters: hond en muis)</i>			
A2.	ITT as inisiërende gebeurtenis	Hond was spelerig/nuuskierig/ Hond het 'n muis gesien	0 1
A3.	Doel	Hond wou die muis vang/kry/jaag/met die muis speel (om) te + WERKWOORD (vang, kry, mee te speel)	0 1
A4.	Poging	Hond het op-/vorentoe gespring Hond het gejaag/begin om te jaag Hond het probeer om te + WERKWOORD (vang, kry, gryp, vat)	0 1
A5.	Uitkoms	Hond het sy kop gestamp/in die boom vasgehardloop/ hond het nie die muis gekry nie/hond was nie vinnig genoeg nie Muis het ontsnap/muis het agter die boom ingehardloop/muis was te vinnig	0 1
A6.	ITT as reaksie	Hond was teleurgesteld/kwaad/het seergekry Muis was bly/gelukkig/verlig	0 1
<i>Episode 2: Seuntjie (Episode karakter: seuntjie)</i>			
A7.	ITT as inisiërende gebeurtenis	Seuntjie was hartseer/ongelukkig/bekommerd oor sy ballon Seuntjie het sy ballon in die boom gesien	0 1
A8.	Doel	Seuntjie besluit om/wou sy ballon terugkry (om) terug te + WERKWOORD (kry)	0 1
A9.	Poging	Seuntjie trek die ballon/tryk die ballon van die boom af Seuntjie spring agter die ballon aan/het agter die ballon aangespring/tryk die ballon van die boom af/het die ballon afgetrek van die boom af/het uitgereik na die ballon/klim (die boom)/het (die boom) geklim	0 1
A10.	Uitkoms	Seuntjie het weer sy ballon terug gekry/gehad/ Ballon is gered	0 1
A11.	ITT as reaksie	Seuntjie is bly/gelukkig/verlig/tevrede (om sy ballon terug te hê/ kry)	0 1
<i>Episode 3: Hond (Episode karakter: hond)</i>			

⁶ As twyfel bestaan, of die kind se response nie op die rekordvorm voorkom nie, raadpleeg die handleiding.

⁷ Geen punte vir verkeerde of geen response, 1 punt vir een korrekte respons, 2 punte vir verwysing na beide tyd en plek.

A12.	ITT as inisiërende gebeurtenis	Hond het die worsies (in die sak) gesien/was honger/nuuskierig/lus vir die worsies	0	1
A13.	Doel	Hond wou worsies hê/het besluit om die worsies te eet/ gryp/steel/ kry (om) te + WERKWOORD (eet, kry)	0	1
A14.	Poging	Hond het die worsies (uit die sak) gevat/gegryp/gesteel/getrek Hond vat/gryp/steel/trek het die worsies (uit die sak) Hond probeer om te + WERKWOORD (vat, kry)	0	1
A15.	Uitkoms	Hond het die worsies gekry/geëet	0	1
A16.	ITT as reaksie	Hond was bly/tevrede/gelukkig/nie (meer) honger nie	0	1
A17.	Totale telling uit 17:			

B. Strukturele kompleksiteit

Aantal PU-reekse	Aantal enkel D (sonder P of U)	Aantal DP-/DU-reekse	Aantal DPU-reekse
B1.	B2.	B3.	B4.

C. Interne toestandsterme (ITT)

C1.	<p>Totale aantal ITT in tekens. ITT sluit in:</p> <p>Perseptuele toestandsterme bv. <i>sien, hoor, voel, ruik</i>;</p> <p>Fisiologiese toestandsterme bv. <i>dors, honger, moeg, seer</i>; in pyn</p> <p>Bewustheidsterme bv. <i>lewendig, wakker, aan die slaap</i>;</p> <p>Emosiet Terme bv. <i>hartseer, bly, gelukkig, kwaad, bekommerd, teleurgesteld; bang, trots, dapper, (voel) veilig, tevrede, verras</i>.</p> <p>Mentale werkwoorde bv. <i>wil, dink, weet, vergeet, besluit, glo, wonder, het/maak 'n plan</i>;</p> <p>Linguistiese werkwoorde/werkwoorde van sê/vertel bv. <i>sê, roep, skreeu, waarsku, vra</i>.</p>
-----	--

Afdeling II: Begrip

		Vbe. van korrekte response	Vbe. van verkeerde response	Telling
0	Het jy van die storie gehou?	Vir opwarming, geen punttoekenning		
D1.	Hoekom spring die hond vorentoe? (wys na prente 1-2) (Episode 1: Doel)	Wil die muis kry/hê/vang/ met die muis speel Wil die muis hê (om) die muis te + WERKWOORD (vat, kry)	Gaan weg/hardloop/wou spring Honde spring altyd	0 1
D2.	Hoe voel die hond? (Wys na prent 3) (ITT as reaksie)	Kwaad/teleurgesteld/seer/in pyn/nie goed nie/nie gemaklik nie	Bly/gelukkig	0 1
D3.	<i>(vra slegs D3 indien die kind 'n korrekte respons verskaf sonder verduideliking/rasionaal in D2. Indien 'n korrekte verduideliking in D2 verskaf is, ken dan 'n punt toe vir D3 en beweeg aan na D4)</i> Hoekom dink jy voel die hond kwaad/teleurgesteld/seergemaak ens.? ⁸	Want hy kon nie die muis vang nie/het sy kop gestamp/het in die boom vasgehardloop/want dis seer as mens in 'n boom vashardloop/die muis het ontsnap	Ontoepaslike/irrelevante antwoord	0 1
D4.	Hoekom spring die seuntjie op? (wys na prent 5) (Episode 2: Doel)	Om die ballon terug te kry/wil die ballon hê/want hy het sy ballon verloor/om die ballon (terug) te kry (om) sy ballon (terug) te + WERKWOORD (kry, vat)	Om boom te klim	0 1
D5.	Hoe voel die seuntjie? (Wys na prent 6) (ITT as reaksie)	Bly/goed/ gelukkig/tevrede	Sleg/kwaad/ongelukkig/hartseer	0 1
D6.	<i>(vra slegs D6 indien die kind 'n korrekte respons verskaf sonder verduideliking/rasionaal in D5. Indien 'n korrekte verduideliking in D5 verskaf is, ken dan 'n punt toe vir D6 en beweeg aan na D7)</i>	Want hy het sy ballon terug/weer Kon/was instaat om die ballon te + WERKWOORD (kry, vat)	Want hy glimlag/hy lyk so/want hy staan of enige ontoepaslike antwoord	0 1

⁸ Gebruik dieselfde ITT wat die kind in respons D2 verskaf.

	Hoekom dink jy voel die seuntjie bly/goed/gelukkig/tevrede ens.? ⁹			
D7.	Hoekom gryp die hond die worsies? (wys na prent 5) (Episode 3: Doel)	Besluit om die worsies vir homself te hou/wil die worsies hê/steel/eet Hy vat 'n kans toe die seuntjie nie kyk nie Het nie die muis gekry nie/kon nie die muis kry nie Honde hou van worsies/vleis (generiese betekenis) Worsies is lekker	Wil met die sak speel	0 1
D8.	Verbeel jou dat die seuntjie die hond sien. Hoe voel die seuntjie? (wys na prent 6) (ITT as 'n reaksie)	Sleg/kwaad/ Ongelukkig/nie goed nie	Bly/gelukkig/tevrede	0 1
D9.	<i>(vra slegs D9 indien die kind 'n korrekte respons verskaf sonder verduideliking/rasionaal in D8. Indien 'n korrekte verduideliking in D8 verskaf is, ken dan 'n punt toe vir D9 en beweeg aan na D10)</i> Hoekom dink jy voel die seuntjie sleg/kwaad/ongelukkig ens.? ¹⁰	Want die hond eet die seuntjie se worsies/het die worsies gevat/geëet Seuntjie wou die worsies (self) eet/hê Dit was die seuntjie se worsies	Ontoepaslike antwoord	0 1
D10.	Dink jy die seuntjie sal maats wees met die hond? Hoekom dink jy so?	Nee – gee minstens een rede (die hond het sy worsies opgeëet/gesteel) of enige ander toepaslike antwoord	Ja/ek weet nie/ander ontoepaslike antwoord	0 1
D11.	Totale telling uit 10:			

⁹ Gebruik dieselfde ITT wat die kind in respons D5 verskaf.

¹⁰ Gebruik dieselfde ITT wat die kind in respons D8 verskaf.

Protokol vir Babavoëltjies

Vertel / Hervertel / Modelstorie

Naam van kind: _____

Geboortedatum: _____

Toetsdatum: _____

Oud. tydens toets (mnde): _____

Geslag: _____

Naam van toetsafnemer: _____

Blootstelling aan L2 (mnde): _____

Aanvangsdatum in Gr R: _____

Naam van skool: _____

Maak seker dat al die koeverte op die tafel geplaas is voordat toetsing begin. Kry die bandopnemer gereed om die sessie op te neem. Begin die opname voordat die opwarming gedoen word.

Opwarming

Vra byvoorbeeld: Wie is jou beste maatjie? Wat is jou gunsteling program op televisie? Hou jy daarvan om stories te vertel? Hou jy daarvan om na stories te luister?

Instruksies

Instruksies vir Vertel

Sit oorkant die kind. Sê aan die kind: *Kyk, hier is 3 koeverte. In elke koevert is daar 'n ander storie. Kies een en dan kan jy vir my die storie vertel. Vou die prente oop sodat die hele prentreeks slegs vir die kind sigbaar is. Kyk eers na die hele storie. Is jy gereed?*

